

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 222**

(Geen datum)

## **My God en ek**

\* \* \* \* \*

"Maar ék vertrou op U Here!

Ek sê: U is my God"

(Psalm 31:15)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Ek vertrou op die Here

Mense wat jou lewe bedreig, of selfs net 'n onsekere toekoms, skep vrees en angs.

Alleen vertrou op God en Sy beloftes verdryf al hierdie vrees.

Hierdie waarheid leer ons van Dawid in Psalm 56. Hy het ook tye geken waar hy as mens volkome magteloos gestaan het om homself uit sekere situasies te red. Eers in die besef van sy volkome magteloosheid het Dawid ook besef wat dit beteken om op God te vertrou.

— As die mens nie meer weet wat om te doen nie.

— **DAN WEET GOD NOG**

In Ps. 56 leer ons Dawid ken as een wat verskriklik vervolgt is deur mense wat hom wil doodmaak. Sy vertrou in die **HERE** het hom daarvan bewaar om vir mense bang te word.

**By God voel hy veilig, want wat kan 'n mens aan hom doen, 'n mens is swak en verganklik. (Ps. 56:5)**

Dawid weet die **HERE** slaan ag op sy swaarkry en droefheid. Sy trane is as 't ware elkeen opgevang en bewaar. Alles staan by God opgeteken in Sy boek. Hy is daarvan verseker dat God aan sy kant is, daarom vertrou hy op God en op Sy beloftes. Hy prys God ook daarvoor.

Hierdie psalm eindig met 'n dankbare loflied op die uitredding wat God bewerk het.

— Dawid kan nou sy geloftes betaal.

— Hy kan God met offers dank, want God het hom vlak by die dood gered.

— Hy kon naby God bly en het nie gestruikel nie.

Ons, as sondige mense, bevind ons so maklik ver van God en ons struikel so dikwels. Dit skep 'n onsekere toekoms vol vrees en angs.

Dit maak dit vir die mens so moeilik om dan onder alle omstandighede op God te vertrou. Satan sleep so dikwels en maklik ons gedagtes en lewe weg van God af. Stadig maar seker maak Satan jou los van die kerk af, juis sodat Gods woord moet stil word.

Die Blye Boodschap is egter dat Jesus Christus vir jou en my daarin voorgegaan het om onder alle omstandighede op God te vertrou. Daardeur het Hy die felste vyandskap vir Hom op die hals gehaal. Die mense het geskreeu: "**KRUISIG, KRUISIG HOM!**"

Maar Hy het enduit op God vertrou. So het Hy vir ons sonde betaal en ons met God versoen. Nou kan ons weer ten volle op God en Sy beloftes vertrou.

Jesus Christus se sterwe en opstanding het nou 'n nuwe betekenis aan die dood gegee. Ons hoef selfs nie vir ons dood te vrees nie.

— Die DOOD kan ons ook nie meer van Christus en Sy liefde skei nie.

— Elke dag word ons steeds verder deur Sy Gees gelei sodat ons naby God kan bly.

Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie. (Rom. 8:38, 39). In Christus het die vrees vir mense nou plek gemaak vir liefde.

Op God alleen kan ons vertrou. Aan Hom kom al ons dank toe. Hy is ons Redder en ons Lewe.

**Ds. Sarel Cilliers.**

# Ek wil aan die Here dink

In Psalm 63:7 sê Dawid aan die Here:

"As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek: U is vir my 'n hulp . . . en beskerming."

Dawid **DINK** aan God . . . **Hy PEINS** oor Hom! En hoe baie dink 'n mens nie . . .

- dink planne uit
- dink oor jou dagtaak
- dink oor jou toekoms
- dink wat en hoe en wanneer jy iets gaan doen
- dink selfs sonde uit om uit die moeilikheid te kom

Ons **DINK** baie!

Maar die vraag vanuit Psalm 63 is duidelik:

**DINK ONS NOG AAN DIE HERE?** Of nog sterker gestel:

**PEINS ONS OOR HOM?**

Ja, om te peins is meer as blote . . . dink!

Dis deur-dink

oor-dink

na-dink

Dawid doen dit in hierdie Psalm. En kyk net onder watter omstandighede doen hy dit. Vers 1 van die Psalm sê dat Dawid in die woestyn van Juda is. Hy's waarskynlik op vlug vir sy vyande . . .

- sy lewe word bedreig
- hy's geskei van sy huis en geliefdes
- hy's in benoudheid
- hy's in gevaar
- hy's onder diepe beproewing

En daar in die woestyn . . . in benoudheid . . . het Dawid tyd om te dink . . . te peins oor God.

Dawid sê: Hy dink aan God op sy bed . . . en ja, nie 'n bed wat staan in 'n luukse paleis nie, maar 'n selfgemaakte lê-plek tussen rots en sand in die woestyn.

Hy sê: Ek peins oor God in die nag . . .

Die nag . . .

'n tyd van rus

van slaap

van kragte herwin

Maar Dawid . . . Hy lê wakker . . . Hy dink aan God! En wat besef hy? Hy besef:

- **God is vir hom 'n hulp en 'n beskerming! (vs 8)**
- **Hy't niks te vrees nie . . . God is met hom**

Dit ontdek hy in sy bepeinsinge oor God.

En so kan dit ook in jou en my lewe gebeur . . .

- dat ons benoud
- bekommerd
- siek
- beproef is

Ons lê nagte wakker . . .

**ONTHOU!** Dink aan God!

Dink daaraan dat Hy jou die lewe geskenk het . . .

- dat Hy jou in Christus verlos het
- dat Hy jou deur Sy Heilige Gees sal troos
- dat Hy jou in Sy Woord oproep:

**DINK AAN GOD!**

En met vreugde en blydschap sal jy ontdek en ervaar:

God is die **enigste** hulp en beskerming.

Ja, . . . hoe baie nagte lê **ons** nie wakker, peinsend oor:

- aardse dinge en bekommernis;
- hoe om ryk te word; en
- hoe om jou naaste te antwoord nie

Gebruik daardie nagte . . .

Dink aan God . . .

en ontdek: **God is jou enigste hulp en beskerming.**

***Ds. Nico Ligthelm.***

# Ek het die Here lief

"Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede" (Ps. 116:1).

## IN NOOD

As daar ooit iemand in die Bybel is wat in nood verkeer het, dan was dit die digter van Ps. 116. Wie hy was, weet ons nie.

By hom het die nood letterlik tot by die BREEKPUNT van hierdie lewe gekom. Hy het op sy sterfbed gelê en die Here gevra om hom te red, en die Here het hom gered!!

"Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp, ek het benoud en bekommerd geword." (vs 3).

Maar wat doen hy toe onder hierdie benouende omstandighede, waar hy die dood reeds vas in die oë moes kyk?

Hy bid!

Hy bid 'n smeekgebed!

"Here, red my tog!" (vs 4)

En die Here het hom inderdaad gered.

## EK HET LIEF

Die feit dat die Here hom gered het, is vir hom die bewys dat die Here sy gebed verhoor het.

"Ek het geroep, God het geluister  
toe alles nag was om my heen;  
en voor die lig skyn deur die duister,  
was God my lof, net Hy alleen,"

God het my gebed verhoor, en daarom het ek Hom lief!

## GOD VERANDER NIE

God is die verhoorder van gebede!

Hy is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid verander Hy nie. Soos wat Hy die digter van Ps. 116 se smeekgebed verhoor het, so sal Hy verseker ook jou gebed verhoor wat jy in die geloof tot Hom bid of uit die nood tot Hom roep.

Daardie gebed wat jy in die stilte van die nag, dalk onbeholpe en met stamelende woorde bid: "Ag red my, Here!" Daardie gebed word verhoor.

Red my van hierdie siekte, red my van hierdie lang en donker nag waarin ek vasgedruk word ... soos wat dit vir jou goed is, sal God jou verhoor.

Ek is bang, ek is beangs, ek is swak, ek het geen hoop op die oplossing van al my probleme nie, ek weet nie hoe ek my hartseer gaan verwerk nie . . . **"HELP MY HERE"** . . . hierdie gebed waarop ek geen aanspraak het dat dit verhoor moet word nie . . . wat 'n troos om te weet:

- **My Hoëpriester, Jesus Christus is in die hemel en Hy pleit by my Vader vir my in my nood!**
- **Die Heilige Gees pleit ook met onuitspreeklike versugtinge vir my!**

## **LOGGEMAAK**

"U het my bande (daardie bande van die dood) losgemaak" (vs 8) God laat jou (wat in Hom glo!) oor die dood oorwin. Ondanks die dood, laat God die ware gelowige lewe.

Op die laaste dag, met die wederkoms van Christus, wanneer al die dooies uit hulle grafte opgewek word, dan maak God ook van jou wat in Hom glo 'n mede-oorwinnaar oor die dood.

Met Jesus se dood en opstanding, het Hy die laaste vyand van die mens oorwin. Christus het die dood oorwin.

Die dood is verslind in die oorwinning wat Christus daarvoor behaal het.

Daarom is Hy by magte om:

- ondanks jou trane by 'n oop graf, weer aan jou blydschap te gee;
- ondanks die grootste hartseer, weer 'n glimlag om jou lippe te laat vorm; en
- ondanks jou sterfbed, die lewe vir jou tot in ewigheid te gee

**"Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede."**

***Ds. A. H. Grové***

# Ek wil U Woord bewaar . . .

(Ps. 119:7)

Die oorwinningslewe is 'n lewe wat gebou is op die Woord van die Here — so sou ons die hooftema van wat in hierdie Psalm besing word, kan formuleer.

Ps. 119 is 'n loflied op die heerlijkheid van die Goddelike Woord. In die jongste Afrikaanse Vertaling lui die opskrif daarvan: "U Woord vergeet ek nie."

Dit is die langste gedig in die Bybel, wat besonder kunstig opgebou is en met digterlike bedrewenheid in 'n alfabetiese vorm gegiet is. Dit het van die digter 'n besondere vaardigheid geverg om sy gedig so saam te stel.

Iets wat opval, is dat in feitlik elkeen van die verse, die Here direk aangespreek word.

So lees ons bv.: "Ek soek U met my hele hart . . ." "Ek wil U Woord bewaar ..." "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."

Dit is duidelik dat die volle persoon van die digter — in sy smeking en dank, in sy belydenis en aanbidding, in sy totaliteit — geheel en al op God gerig is.

Verder is daar ook op 'n enkele uitsondering na, in elkeen van die verse, 'n verwysing na die Woord van die Here.

Die digter gebruik nie minder nie as tien verskillende begrippe om die rykdom van die Bybel te besing.

Hy praat van die Woord van die Here, van Sy getuienisse, Sy insettinge, Sy verordeninge en bevele. Hy noem ook God se Wet, Sy voorskrifte, Sy bepalings, Sy gebooie en Sy onderwysing.

Dit is asof die digter nie uitgepraat kan raak oor die ryke skat van die Woord nie. Menslike taal skiet tekort om die volle weelde en oorfloed daarvan te beskryf.

Die digter van hierdie Psalm, word deur die Woord van God, geheel en al in beslag geneem.

- Met liggaam en siel;
- vir tyd en ewigheid; en
- met sy totale menswees

staan hy onder heerskappy van die Woord

In vs. 11 stel hy dit duidelik: "Ek het U Woord in my **hart** gebêre."

En dan verklaar hy verder dat hy met sy **oë** en sy **lippe**, met sy **siel** en sy **verstand**, met sy **hande** en sy **voete** in diens wil staan van God se Woord.

Ps. 119 wil die leser daartoe bring om:

- gehoorsaam te wees aan die Woord van die Here,
- om hom te onderwerp aan die gesag van God se gebooie,
- om te buig onder die heerskappy van Sy verordeninge,
- om die bevele van die Here ter harte te neem en daarvolgens te lewe,
- en om uiteindelik Jesus Christus, die Woord wat mens geword het, te erken as Borg en Saligmaker.

So bring ook hierdie Psalm, soos trouens die hele Bybel, ons te staan voor die Persoon van Jesus Christus. In Johannes 1 lees ons dat Hy die Woord is wat mens geword het. En dan volg daar die heerlike belofte, naamlik dat elkeen wat in Hom glo, elkeen wat sy Naam bely,

elkeen wat die heerskappy van die Woord erken, die ewige lewe sal verkry in Sy Naam.

Vir elkeen wat waarlik glo en Christus bely,

vir elkeen wat na Sy Woord luister en dit gehoorsaam,

vir elkeen wat hom daaraan onderwerp en dit getrou uitleef:

vir hulle breek die hemelse vreugde en blydskap reeds hier op aarde aan, nog in **HIERDIE** lewe.

In Christus word hulle salig gespreek: "Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die Here wandel." (Ps. 119:1).

Dit is wat Jesus Christus doen: Hy is die Saligmaker. En dit is na Hom dat Ps. 119 profeties heenwys.

Dit moet vir ons duidelik wees: Die saligheid ontvang ons **alleen** deur Jesus Christus, maar **nooit anders nie** as langs die weg van bekering en geloofsgehoorsaamheid.

Nie alle mense is salig nie, maar alleen dié:

— wat in die wet van die Here **wandel**.

— wat Sy getuienisse **bewaar**

— wat Hom met hulle hele hart **soek**

Diegene wat die Woord van die Here minag,

— wat Sy gebooie vertrap,

— wat Sy genade versmaai,

— en wat op hulle dwase weg volhard;

vir hulle bly daar alleen 'n verskriklike verwagting van oordeel en vervloeking oor.

Vir elkeen wat deurdrenk is daarvan, bly die Evangelie van Christus ryk en kosbaar,

— die inhoud daarvan onuitputlik

— die waarde onberekenbaar

Die Woord van die Here is 'n krag tot saligheid vir elkeen wat glo.

Here, ek wil U Woord bewaar . . .!

***Ds. Pieter van der Walt***